Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

# Knie-werk…

April 2015

> *"Die eerste sendingtaak van die kerk is nie om die wereld te vernader nie maar om self te verander"* David Bosch

**Terugvoer:**

Armando Matshinhe ('n oud-student) was suksesvol in sy poging om die toorgoed van die eks-toordokter te verbrand. Loof die Here dat hierdie kerk stadig maar seker omvorm word deur die getroue getuienis van hierdie jong man.



Candida van Ndhaveni het haar studies gestaak weens gesondheidsredes. Ons hoop dat sy dit op 'n later stadium kan hervat. Die res van die studente vorder baie mooi met hulle studies. Twee waarvoor spesifiek gebid kan word is Marie-Helena en Luiza. Albei sukkel om die grondwaarhede van die Evangelie baas te raak.

**Nuwe sake:**

Nilza, een van die jong studente wat uit 'n Sioniste kerk kom het besluit om lappe wat aan geesste geoffer is te verbrand. Prys die Here vir die deurbraak. Haar man is egter nie 'n gelowige nie. Bid saam met ons vir sy redding. →



Paasfees het ek gevier met 'n deurnag diens in Chinyakanini. Nagmaal Sondag oggend was 'n baie spesiale ontmoeting met die Here. Elke gelowige het vorentoe gekom, sy/haar saak met die Here uitgeklaar en biddend nagmaal gebruik. Ek het lanklaas soveel erns beleef by die nagmaal. Bid dat hierdie werk van die Here sal bly vrug dra in heiligmaking in ons almal se lewens.



Net na Paasfees is 'n span van ons na Mabalane distrik om 'n seminaar te gaan hou. Dit was n geseënde tyd van die volle betekenis van Paasfees ontdek. Bid vir geestelike vernuwing in hierdie landelike gebied langs die Limpopo rivier.




Azarias en Antifa, oud studente wat verlede jaar hierdie tyd hulle eersteling verloor het by geboorte is hierdie jaar geseen met ’n gesonde seuntjie Ons is saam met hulle dankbaar.



Klein vreugdes: Ek het my eerste substansiele koffie-oes hierdie jaar ingesamel. “Substansieel” is nou in vergelyking met ander jare – so ’n twee liter roomys bak per week vir die afgelope paar maande. Dit gee my hoop vir die geestelike werk hier – jare se geduldige arbeid dra bietjie vir bietjie vrug totdat eendag met God se seën ’n “substansiele” oes sal inkom. Bid saam met ons daarvoor.

Daar is net 3 weke oor voor die 3 maande groep klaarmaak met hulle kursus. Begin nou reeds saam met ons bid dat hulle veel vrug sal dra in hulle kerke en gemeenskappe.

Dankie vir julle belangstelling in die werk, julle liefde en gebede!

Liefdegroete
Willem & Carol